

30 Maart

Skrifgedeelte: Jakobus 4:1-10

Fokusgedeelte: Jakobus 4:6 (Spreuke 3:34)

Hoogmoed kom tot 'n val

Die hele Skrif is duidelik dat God hoogmoed verag, en tog is dit deel van ons daaglikse lewe. Dit is 'n sonde waarteen elke mens hom elke dag moet bekeer. Jakobus noem ook dat die wortel van hoogmoed lê in rusies, jaloesie, geldgierigheid, selfsugtige begeertes. U weet watter onaangename situasie 'n hoogmoedige mens kan skep in jou werk of in 'n geselskap. Hoogmoed en vriendskap met die wêreld (vs 4) is boesemvriende.

Jakobus stel dat vriendskap met die wêreld vir die Heilige Gees van God 'n groot verdriet is. Die Gees word bedroef as ons vriende van die wêreld is, en eis ons heeltemaal op vir God alleen. Juis omdat die Gees die mens opeis vir die Here, skenk Hy meer genade, sodat die band met die Here kan groei. Die genade word nie aan die hoogmoediges gegee nie, maar aan die nederiges. Die hoogmoediges is hulle wat hulle teen God verset, wat op hulleself vertrou en selfs die gebed misbruik om hulle eie sondige begeertes te bevredig. Die nederiges aan die ander kant is hulle wat weet dat hulle alleen van God afhanklik is en voor Hom in ootmoed buig. Dit is hulle wat glo dat ons alleen in Christus gered kan word.

Geseënd daarom die gelowige en ook die kerk wat klein en nederig voor die Almagtige God staan en in ware belydenis weet dat alles alleen uit sy hand kom.

(Opmerking: Die aanhaling in Jakobus 4:6 uit Spreuke 3:34 is 'n aanhaling uit die Septuagint [Griekse vertaling] van Spreuke wat in 150 vC voltooi is.)

Sing: Psalm 40:2 (Afrikaanse Psalmberyming 1936)

Ds PA Coetzee (Potchefstroom)

